Was Bonani Mafa op hierdie vergadering van 26 Augustus (30)

1984/...

1984? -- Hy was nie daar nie.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering op 26 Augustus? -- Ek het alreeds gesê dit was mnr. Ngwenyama.

Behoort hierdie persoon wat u nou genoem het aan enige organisasie wat u van weet? -- Nee, ek weet niks van hom nie.

U het netnou vir my gesê in kruisondervraging daar was net hierdie een resolusie geneem op die vergadering van 26 Augustus en dit is naamlik dat hierdie tien persone moet gaan praat met die raadslede. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

U sien, ek wil dit aan u stel u is nie 'n geloofwaardige(10) getuie nie? -- Hoekom?

Want u het in u hoofgetuienis gesê daar is 'n klomp ander resolusies ook geneem op hierdie vergadering? Naamlik dat die mense nie hierdie loseerderspermitte gaan betaal nie voordat hulle nie 'n verduideliking van die raadslede gekry het nie en verder was daar besluit dat die raadslede moet bedank. Wat sê u nou? -- Nee, ek sal dit nie betwis nie, maar u vraag, volgens ek dit verstaan het, was beperk tot die laaste resolusie op hierdie vergadering. Daar was wel ander besluite geneem, maar wat ek nie as resolusies aanvaar het daar nie.(20) Dit is hoekom ek op hierdie vraag so geantwoord het.

Is daar wat u betref 'n verskil tussen 'n besluit op 'n vergadering en 'n resolusie op 'n vergadering? -- Daar is 'n verskil.

Vertel vir die hof wat is die verskil tussen 'n besluit en 'n resolusie op 'n vergadering? -- Die besluite, gewone besluite is wanneer mense op iets besluit en die resolusies wat die laaste besluit is volgens my, is besluite wat nie 'n antwoord nodig het nie. Wat net besluit word kyk, dit is wat gebeur. (30)

Ek/...

Ek wil niks verder hierby stilstaan nie, behalwe om te sê jou verduideliking is onsinnig? -- Ek sê daar is sin. Die enigste ding is dat u nie wil verstaan nie.

Is dit nie moontlik dat Esau Raditsela wel daar by die vergadering aangekom het, maar dat u hom nie gesien het nie omdat u daar vir die verhoog gestaan en kyk het? -- Ek sal dit nie kan sê nie. Met my aankoms daar het die mense alreeds in die saal vergader. Ek het hom nie daar gesien nie.

Hy kon daar gewees het met ander woorde sonder dat u hom gesien het? -- Ek kan so sê, ja. (20)

Wil u net vir die hof sê wat se besluite is op hierdie vergadering geneem van 26 Augustus en wat se resolusies is daar aanvaar? -- Dat die raadslede moet kom verduidelik oor die verhoging van die huur, is een van die besluite wat geneem was wat h antwoord benodig het. En hoekom dit verhoog word en as hulle voel dat hulle nie die werk kan uitvoer nie, dan moet hulle bedank, wat nie antwoorde nodig gehad het nie. Dit is nou waar tien persone gekies word dat hulle die raadslede moet gaan roep vir die vergadering. Dit het nie h antwoord benodig nie. (20)

Is dit al, die besluite en resolusies wat aanvaar is? -- Dit al, ja.

h Besluit dat die raadslede moet bedank, is dit h besluit of h resoluëie volgens u? -- Dit is h besluit waarop h antwoord verwag word.

Het julle op hierdie vergadering gepraat oor wat gaan gebeur as hierdie raadslede nou nie wil bedank nie? -- Dit was nie bespreek nie.

Het julle bespreek wat gaan gebeur as julle besluit julle betaal nie die huur of die loseerderspermitte nie? (30)

Ons/...

-- Ons het niks daaromtrent bespreek nie.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

NOBANTU RONICA MCETYWA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons het laas by 26 Augustus 1984 se vergadering stil gestaan. Het niemand op daardie vergadering, toe julle nou eis die raadslede moet bedank, gevra maar kyk wat kom in hulle plekke, gaan ons ander verkiesings vra of wat gaan ons maak nie? -- Daar was, ja.

Het niemand gesê maar wag so 'n bietjie, as ons nou (10) ophou betaal dan gaan die mense ons uitsit nie?

HOF : Was die antwoord ja, daar was? -- Ja, daar was iemand wat dit gevra het.

En wat was die antwoord'gewees? -- Die antwoord was dat die mense ons nie tevrede stel nie, ons sien nou nie weer kans om nog ander mense te kies nie.

MNR. FICK : En het julle toe verder bespreek wie gaan Bophelong administreer? -- Ons het dit nie by daardie tyd bespreek nie.

En het u nie gewonder op die vergadering toe hulle sê hulle wil nie ander raadslede hê maar wat gaan nou gebeur(20) nie? -- Nee, ons het nie daaromtrent besluit nie.

Was julle net tevrede om die raadstelsel te vernietig?
-- Dit is so.

En toe daar nou gepraat van julle gaan nou ophou om te betaal aan die verhoogde huur en die loseerderspermitte, het iemand op die vergadering gesê maar wag so 'n bietjie, ons gaan uitgesit word uit ons huise uit? -- Niemand nie.

Maar is dit wat u wou gehad het om uitgesit te word in die straat? -- Ons wou dit nie gehad het nie.

U het nie besluit om te praat op die vergadering en (30)

te/...

te sê maar wat gaan gebeur, ons gaan uitgesit word nie? -- Ek was daar gewees om namens my ouers te gaan luister wat daar gesê word. Met ander woorde, myne daar was net om te luister en niks te sê nie.

Het julle gestem oor hierdie besluite of resolusies, laat ons dan nou maar altwee noem, wat julle op die vergadering aangeneem het? -- Nee, daar was nie gestem gewees op daardie tydstip nie.

Hoe is dit aanvaar dan deur die vergadering? -- Wat gebeur het, is die mense daar teenwoordig het net almal (10) gesê ons stem saam, na aanleiding van wat iemand daar voor as h spreker gesê het.

U ook? -- Ja.

So, u het nie net gaan luister nie, u het gestem? -- Dit was so, ja.

Dan vra ek u weer wat ek u netnou gevra het, het u nie self gedink maar ons gaan uitgesit word en op die straat sit as ek so stem nie? -- Dit het nie in my gedagte gekom nie en van die persone teenwoordig by hierdie vergadering almal het daar gepraat met vrede. Niemand was besig om (20) te baklei nie. Met ander woorde, as h persoon uit die huis gesit word, is dit h aanduiding dat wie ook al dit doen besig is om te baklei.

Is die raadslede op hierdie vergadering uitgeskel of uitgekryt vir "puppets" of "sell-outs"? -- Daar was gesê dat hulle "puppets" was.

Hoekom is hulle "puppets" genoem? Hoekom is gesê hulle is "puppets"? -- Dit is omdat hulle gestuur word om iets te doen en dit word deur hulle gedoen sonder om enige vrae te vra en so h persoon wat net h ding sal doen sonder om (30)

te/...

te weet wat gedoen moet word, word beskryf as 'n "puppet".

Is dit wat die persoon op die vergadering gesê het hoekom hy die raadslede "puppets" noem? -- Dit was nie net een persoon se woorde nie. Almal daar teenwoordig.

Was die mense opgewonde? -- Hulle het 'n aanduiding gegee dat hulle nie tevrede was nie.

Was hulle kwaad omdat die raadslede die huur verhoog het sonder om hulle te ken, soos u nou sê? -- Dit is so.

Hulle was baie kwaad? -- Net so.

Ek wil eers met u teruggaan na 'n ander aspek toe (10) voordat ek aangaan met die vergadering van die 26ste. U het 'n suster met die naam van Cynthia Nomabongo en sy is getroud met Isaac Vilakazi? -- Ja, ek het.

Sy bly ook in Bophelong? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit u eie suster? -- My eie suster, ja.

MNR. FICK : Bly sy en Isaac in dieselfde huis as waar u gebly het in Bophelong in 1984 of het sy in 'n ander huis gebly? -- Hulle het 'n huis van hulle eie.

U het vir die hof gesê ook u ken vir Johnny Motete? -- (20) Ek het so gesê.

Is dit ook so u het 'n broer met die naam van Toto? -- Ja, ek het.

Octavia is sy ander naam? -- Ja.

Johnny Motete en die broer van jou, Toto, was bekend met mekaar? -- Dit weet ek nie.

Maar het Johnny nie baie by julle huis gekom nie? -- Nee.

Waar is hierdie broer Toto vandag? -- Ek weet nie waar hy is nie.

Is hy nie die land uit nie? -- Ek weet nie daarvan (30)

nie/...

nie.

HOF : Wanneer het u hom laas gesien dan? -- Gedurende 1984.

MNR. FICK : Voor die moeilikheid in die Vaal op 3 September?

-- Dit is so, ja.

Is dit nie so dat jou broer en Johnny Motete was gearres-
teer gewees in 1983 nie? -- Nee, dit is nie die waarheid
nie.

Dit was in verband met betogings teen die raadslede se
verkiesings in November 1983? -- Ek weet nie daarvan nie.

Is dit nie so dat jou ma Johnny Motete verwyd dat hy(10)
die oorsaak is dat jou broer weg is nie? -- Nee, dit is nie
so nie.

Het jy en Johnny in die straat ontmoet altyd? -- Nie
daagliks nie.

Maar taamlik gereeld? -- Nie altyd nie.

Het Johnny Motete nie probeer dat jy en jou suster
Cynthia by die UDF - aktief raak in die UDF se aktiwiteite
nie? -- Nee.

By hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 was Johnny
Motete ook daar? -- Ek het hom nie gesien nie. (20)

Ek wil vir jou 'n paar persone se name gee. Ken jy 'n
persoon met die naam van Mahola Mbuge? -- Ek ken hom nie.

Ken u 'n Lourencia Mcetywa? -- Ja.

Wie is dit? -- Dit is my suster.

Ouer suster of jonger suster? -- Jonger suster.

Ken u 'n persoon met die naam van Vuyisile? -- Nee.

Ken u vir Elsie Nana? -- Ja.

Vanwaar ken u haar? -- Ons woon in dieselfde straat.

Ken u vir Paulina Tebu? -- Nee, ek ken haar nie.

Ken u vir Stompie Mokgele? -- Ek ken nie die persoon(30)

nie/...

nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Monyatso? -- Nee.

Hierdie name wat ek nou genoem het, is dit nie die persone wat verkies is op die vergadering van 26 Augustus as tien mense wat met die raadslede moet gaan praat nie? -- Nee, dit is nie die persone nie.

Is u nie self ook verkies as een van die tien nie? -- Nee, ek is nie.

Nou gaan ons na die vergadering van die 28ste. Hoekom is u na hierdie vergadering van die 28ste toe? -- Ek het (10) gaan luister.

Is u op u eie soontoe? -- Ek was nog gestuur.

Wie het u gestuur hierdie keer? -- Nog steeds deur my ouers.

Hoekom het u ouers nie self gegaan nie? -- Hulle was by die werk.

Was die vergadering nie in die aand gewees nie? -- Dit sou in die aand gehou gewees het.

Maar werk u ouers nou in die aande ook? -- Ja.

Maar wanneer is u ouers ooit by die huis? -- Na 19h00.(20) My pa eers na 20h00.

By hierdie vergadering van 28 Augustus, wie was die voorsitter, indien enige persoon? -- Mnr. Nhlapo.

Hierdie mnr. Nhlapo wat u van praat, is dit Tom Nhlapo of Ace Nhlapo of 'n ander Nhlapo? -- Ek weet nie wat sy voor- naam is nie. Hy is net aan my bekend as mnr. Nhlapo.

Het van u familie saam met u na hierdie vergadering toe gegaan op 28 Augustus 1984? -- Ek het alreeds gesê dat ek alleen soontoe was.

Toe mnr. Nhlapo die rapport maak aan die vergadering (30)

dat/...

dat hulle 'n brief gelaat het by 'n sekere Ramakhula se huis oor die vergadering van die 28ste, het die mense nie vir hom gevra maar wat het die ander tien geloop maak wat ook die ander raadslede moes laat weet het nie? -- Ja, dit was gevra.

Watter verduideliking gee die mense toe? -- Die antwoord was dat hulle almal bymekaar was en die verskil is dat hy, Nhlapo, is die enigste persoon wat die huis binnegegaan het.

Nee, maar het die mense op die vergadering nie gevra hoekom het julle nie na die ander raadslede toe gegaan in Bophelong soos die opdrag was op die vergadering van die (10) 26ste nie? -- Daar was so 'n vraag gewees.

Wat verduidelik hulle? Hoekom gaan hulle nie na die ander raadslede se huise ook nie? -- Die antwoord was dat omdat hulle nie die mense kon kry nie, het hulle toe besluit om die brief by Ramakhula te los.

Het hulle - het Nhlapo vir julle gesê wanneer was hulle by Ramakhula? -- Ja, hy het gesê, maar ek kan net nie onthou hoe laat hy gesê het dat hulle by Ramakhula was nie.

Dieselfde dag van die 28ste? -- Nee, nie die 28ste nie. Watter dag praat u nou van? (20)

Wanneer hulle die brief gelaat het by Ramakhula? -- Die 27ste was die datum.

En het mnr. Nhlapo vir jou gesê waar het hulle die brief gelaat by Ramakhula se huis? -- Hy het.

Hoe het hy gesê? -- Dat die brief in die hande van Ramakhula gegee was.

Het hy gesê wat Ramakhula gesê het of hy by die vergadering sal wees en of hy sal kyk of hy daar kan wees? Wat het hy gesê? -- Ja, hy het.

Wat is gesê? -- Dat hy gesê het hy gaan geen besluite (30) neem/...

neem nie, hy moet eers met die ander ontmoet.

En julle weet nie of mnr. Nhlapo teruggegaan het om te gaan hoor of die raadslede beskikbaar sal wees vir die 28ste Augustus nie? -- Dit weet ek nie.

Nou gaan ek met u na die vergadering van 29 Augustus toe. Het al die raadslede op die verhoog gaan sit toe hulle ingekom het? -- Ja, almal.

Het al die raadslede op die verhoog gebly totdat die vergadering opgebreek het tot dit donker geword het? -- Ja.

Hoe het jy gesien die een raadslid het 'n vuurwapen? (10)
-- Ek het dit gesien, want 'n mens kon dit in die vorm gesien het.

Was dit binne-in sy baadjiesak? -- In die broek.

Broeksak? -- Ja, in die broeksak.

En u het gesien terwyl die ding daar in die broeksak is dit is 'n vuurwapen? -- Ek het dit gesien.

HOF : In watter broeksak was dit? -- Die sy broeksak.

Regs? -- Ja, regs. 'n Gedeelte daarvan het 'n bietjie uitgesteek.

MNR. FICK : Wat het uitgesteek van die vuurwapen sê u? (20)
-- Die onderste gedeelte van 'n vuurwapen se handvatsel het uitgesteek.

Kon u duidelik sien dit is 'n vuurwapen se handvatsel?
-- Ja, ek het dit duidelik gesien.

Toe u in u hoofgetuienis gesê het u het die ding herken aan sy vorm in die sak, toe was dit nie heeltemal reg nie?
-- Dit was reg.

Al twee kan nie reg wees nie. U het òf gesien dit is 'n vuurwapen deur die handvatsel te gesien het òf u het hom herken aan die vorm in die sak? -- Beide is reg. Ek het (30)

die/...

die vorm gesien van 'n vuurwapen in sy sak en ook die onderste gedeelte van die handvatsel gesien wat uit daardie selfde sak gesteeke het.

Hoekom het jy nie toe vir die hof vertel van die handvatsel toe jy gevra is daaroor nie? -- Maar ek was mos nie presies gevra op daardie stadium om spesifiek te verduidelik hoe dit herken was deur my nie.

Maar u het 'n antwoord aangebied, naamlik dat u dit herken het aan die vorm in die sak? -- Ek was nie pertinent gevra daaroor of ek dit aan die vorm gesien het nie. (10)

Was dit nou net die een raadslid wat u gesien het met 'n vuurwapen daar? -- Ja, dit is die enigste.

Wanneer het u u verklaring gemaak aan die verdediging? -- Gedurende 1987.

U sien, die verdediging het gestel aan raadslid Mngcina in volume 48 op bladsy 2 379 "Well, I am going to put to you that councillor Mokoena began moving in and out of the hall with his gun"? Nou wat is nou die waarheid? -- Hy het in en uit gegaan met daardie wapen nie. Hy het net op en af beweeg op die verhoog. (20)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u nou sê hy het op en af beweeg op die verhoog, bedoel u hy het met die trappies van die verhoog af na die vloer toe gekom en weer opgegaan of heen en weer gestap op die verhoog self? -- Nee, hy het heen en weer op die verhoog gestap.

MNR. FICK : Afgesien van die opening van hierdie vergadering van 29 Augustus 1984, wie het eerste gepraat na die vergadering geopen is? -- Mngcina.

Was hy die voorsitter? -- Ek sal nie kan sê nie.

Wat het Mngcina te sê gehad? -- Hy het 'n versoek gerig (30)
aan/...

aan 'n ander persoon daar om te bid.

Nee, nee, dit is nou na die persoon gebid het. Die vergadering is nou geopen met gebed, wie het toe gepraat? -- Ramakhula het toe gepraat.

Wat het Ramakhula te sê gehad vir die vergadering? -- Dat hy 'n brief ontvang het waarin hulle uitgenooi was na 'n vergadering toe deur die inwoners.

Het hy verduidelik wat is die - waarom is die verhoging van die gelde? -- Hy het nie.

Wat het hy gemaak nou na hy gesê het van die uitnodi-(10) ging? -- Hy het toe gevra van die gehoor dat daar iemand moet kom en kom sê wat die klagtes is van die gemeenskap.

Wie het gekom en gepraat oor die klagtes? -- Ek het alreeds gesê mev. Mkhotsi.

Het mev. Mkhotsi vir die gehoor verduidelik wie sy is en wat haar posisie is? -- Sy het haarself voorgestel as een van die inwoners van Bophelong. Dit is al.

Wat was die reaksie van die raadslede op die dame se klagte, mev. Mkhotsi se klagte? -- Op dit wat genoem was deur hierdie vroumens as klagtes van die gemeenskap het Ramakhula(20) op een daarvan 'n antwoord gegee.

Wat was sy antwoord? -- Sy antwoord was dat hy aan die mense gesê het wat hom genader het oor die deposito van R50,00 aangaande die elektrisiteit, dat hulle dit nie hoef te betaal nie, want daar was geen besluite daaromtrent geneem nie.

Die vergadering van 29 Augustus, was u die enigste kind wat gestuur was daar wat u van weet of was daar ander jong mense wat ook gestuur sou gewees het om na die vergadering te kom luister? -- Sover ek weet was ek die enigste (30)

een/...

een waarvan ek bewus was wat daar is omdat ek gestuur is.

In u ouderdomsgroep, hoeveel ander mense was daar nog tussen die gehoor? -- Ek sal nie kan sê nie.

Was daar heelwat? -- Hulle was nie baie nie.

Of het u nie opgelet nie? -- Ek het nie veel daaraan aandag gegee om op te let nie. Ek het net gesien dat daar wel mense was van my ouderdom.

Het daar nie van die jeug by hierdie vergadering opgestaan en gesê die raadslede wil hulle nie langer hier hê nie? --
Nee. (10)

Is daar op hierdie vergadering van die raadslede gesê maar kyk, ons wil julle nie hier hê nie, julle moet bedank? -- Nee, nie soos u dit nou stel nie. Wat daar gesê was is die volgende. As die werk julle baas raak, dan moet julle die werk los.

Wat het die raadslede te sê gehad oor hierdie keuse wat hulle gegee word? -- Daar was nie 'n antwoord gewees nie.

Maar het die mense nie vir die raadslede gesê maar nou moet hulle sê, gaan hulle bedank of gaan hulle die werk (20) doen of wat is die probleem? -- Dit was gesê-

En wat sê die raadslede toe? -- Ek het alreeds gesê dat daar geen antwoord was nie.

Het die raadslid wat u gesien het met die vuurwapen op enige stadium sy vuurwapen uitgetrek? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

U sou dit gesien het as hy dit gedoen het? -- Indien dit gebeur het waar ek 'n uitsig gehad het, sou ek dit gesien het.

In die saal? -- Binne-in die saal sou ek dit gesien (30)

het/...

het.

Wat het die raadslede gedoen toe die polisie nou inkom by die vergadering, soos u gesê het? -- Op die stadium wat die polisie die saal binnegekom het, was dit terwyl die mense daar gemompel het.

Wat het die raadslede gedoen toe die polisie inkom? -- Hulle het daar voor gestaan.

Het hulle niks gedoen nie? -- Hulle het net stil gestaan omdat mense h geraas daar gemaak het.

Wat se geraas het die mense gemaak? -- As gevolg van(10) wat Ramakhula gesê het, het die mense toe begin om h geraas te maak. Dit is toe hy gesê het dat hy aan die mense wat na hom toe gekom het gesê het dat hulle nie die geld moet betaal nie.

Hoekom ek vir u vra of die raadslid sy vuurwapen uitgehaal het, dit is gestel op bladsy 2 378 volume 48 "If I were to suggest to you that members of your community on that day were very upset by Mr Mokoena drawing a gun and the police coming in with guns into a community meeting, what would you say to that? -- Ek sal nie kan sê of dit die waarheid(20) is nie.

Maar was daar rede vir die raadslid om sy vuurwapen uit te trek? -- Daar kon h rede gewees het.

Watter rede het u gesien is daar vir hom? -- Ek het nie h rede gesien nie. Daar was nie h rede wat ek gesien het nie.

Het daar iemand op hierdie vergadering van 29 Augustus opgestaan en gesê maar wie het die raadslede gekies? -- Nee, ek onthou dit nie.

U sê die raadslede het nie gereageer toe die mense (30)

daar/...

daar vir hulle gesê het maar julle moet bedank as julle nie vir die werk kans sien nie. Het daar nie 'n vrou toe opgestaan en gesê maar as die raadslede nie wil bedank nie, dan sal ons hulle brand, hulle sal gedood word? -- Nee, daar was nie so 'n vroumens nie.

Toe daardie lawaai aan die gang was in die saal en die raadslede daar voor staan, was die lawaai van so 'n aard dat die mense - 'n spreker kon nie praat nie, daar was 'n groot lawaai gewees? -- Ja, daar was 'n groot lawaai gewees.

Is dit nie die ooglopende rede hoekom die polisie (10) ingekom het nie? Hulle het gesien hier is 'n verskriklike lawaai hier binne en toe kom kyk hulle wat aangaan, of daar nie dalk probleme is nie? -- Dit is nie 'n rede nie, want die mense het nie baklei nie, hulle het net gepraat.

Toe die polisie nou inkom en die raadslede sê vir hulle hulle kan maar gaan daar is nie probleme nie, toe loop die polisie weer uit. Is dit wat gebeur het? -- Ja, hulle het dit gesê, want daar was niemand gewees wat baklei het daar nie.

En toe die polisie uit is toe gaan sit iemand die lig(20) af? -- Nee, ek sê onmiddellik toe hulle uit die deur was, is die ligte af. Wie dit gedoen het, weet ek nie.

Toe was daar chaos? -- Eers na die traangas in die saal ingeskiet was, was daar toe chaos gewees.

Nee wag, daar is nou 'n klomp mense wat kwaad is, wat deurmekaar praat, daar is 'n Babelse verwarring, 'n spreker kan nie gepraat kry nie, die polisie kom in, hulle gaan uit, die ligte gaan af by al hierdie opgewondenheid van die mense en dan sê u daar was geen chaos nie of verwarring nie?

MR BIZOS : Are the two words equivalent? Confusion and (30)
chaos/...

chaos?

MNR. FICK : Daar was chaos? -- Daar was chaos gewees wat ek kan beskryf aan die mense wat by die deur wou uitgegaan het.

Korrek en u was een van hulle? -- Dit is so.

En is dit ook so dat julle het hier in 'n verligte saal gesit en skielik toe is dit donker. Dan is 'n mens heel blind? -- Ja, dit word baie donker.

En daar was 'n geskreeu en 'n lawaai soos almal probeer het om by die deur uit te kom? -- Dit is so. (10)

Ek stel dit aan jou op daardie stadium was daar klippe gegooi buitekant wat u nie gesien het nie? -- Daar was nie klippe daar gewees nie.

HOF : Bedoel u daar was nie klippe gegooi nie of op daardie plek van Bophelong is daar nie klippe nie? -- Ek bedoel dat daar nie klippe gegooi was nie.

MNR. FICK : En die raadslede, wat het van hulle geword? -- Die polisie het hulle uit die agterdeur geneem.

Wanneer is u uit die saal uit? Op watter stadium? Heel eerste of in die middel of laaste of wanneer? -- Ek (20) is met die eerste klomp daar uit.

En waarheen is u toe? -- Ek het reguit geloop huis toe.

Geloop of gehardloop? -- Ek het gehardloop.

Ek stel dit weer aan u, dit is donker, daar is 'n deurme-
kaarspul, u hardloop, u het nie gesien toe daar klippe gegooi is nie? -- Geen klippe was daar gegooi nie, want buite was dit verlig gewees.

Wat se lig was daar? -- Die hoë maslig in die strate.

Die raadslede, het hulle rustig daar uitgereis uit die woongebied uit van die vergadering af? -- Ek sal nie kan (30)

sê/...

sê nie. Ek het uit die saal uitgehardloop.

Raadslid Mngcina, weet u waar hy woon in Bophelong? --
Ek weet.

Woon hy ver van die saal af? -- Ja, 'n entjie ver.

Woon u naby raadslid Mngcina se huis? -- Nee.

Woon u naby enige drankwinkel of biersaal? -- Ja.

Is dit die administrasieraad se drankwinkel en biersaal
waar naby u woon? -- Dit is 'n derde straat vanaf daardie
punt waar ek woon.

Die drankwinkel en biersaal wat ek van praat, is dit(10)
die drankwinkel en biersaal wat op die kant van die dorp
sit? -- Dit is so.

Die bus draai daar voor die drankwinkel en biersaal?
-- Dit is so.

As 'n mens met die busroete af ry van die biersaal af
van noord na suid in die woongebied in, woon u langs die
busroete? -- Ja, ek woon naby.

Woon u langs die busroete? Is u huis aan die busroete?
-- Nee, dieper in, maar nogtans naby die roete.

Laat ek vir u so vra. Woon u tussen die biersaal en (20)
die drankwinkel in die gemeenskapsaal? -- Nee, 'n bietjie na
die kant toe, nie direk nie.

As 'n mens met die busroete af suid loop om by u huis
te kom, moet 'n mens by die gemeenskapsaal verbygaan nog dieper
die woongebied in? -- Nee.

HOF : Sal u vir my op die kaart met die twee spelde 'n speld
steek in die administratiewe kantore en biersaal en ook in
die gemeenskapsaal. Dit is die lugfoto AAR5. U sal aan die
bokant sien dat daar noord is, die noordekant, aan die regter-
kant is daar 'n pad wat skuins loop. Ek dink dit is die (30)

Golden/...

Golden Highway. U moet vir my sê of ek reg is. Soos die kaart voor u gehou word aan die bokant is daar 'n gedeeltetjie wat uitsteek waar die rooi streep 'n hoek maak. Ek dink dit is die administratiewe kantore. U moet self kyk of dit so is en daardie rooi strepe wat daar op is, is die busroete. -- Die biersaal en die drankwinkel kan ek sien, wat dit staan eintlik buite die woonbuurt uit.

Druk 'n speld daar in, dan het ons dit darem. -- Ja, ek het.

Nou sal u sien dat die busroete maak so heeltemal 'n (10) draai rondom 'n blok? -- Ja.

Wat is in daardie blok? Jy hoef nie te kyk nie. U kan net vir my vertel? -- Nee, ek kan nie sien nie. Ek kan nie die ding lees nie. Ek kan nie sê wat dit is nie.

Nee, maar u kan mos onthou. In Bophelong ry die bus reg om 'n blok, om 'n groot blok. -- Dit gaan by die saal verby.

Is dit waar die saal is? -- Dit is verby die saal en die administrasiekantore en dan die winkels en eers by die bus-stop stop dit. (20)

Is die biersaal en die administrasiekantore en die drankwinkel bymekaar? -- Nee, dit is nie bymekaar nie.

Wat is dit dan wat buitekant die gebied lê? -- Dit is die biersaal.

Daar by die biersaal maak die bus 'n draai en hy ry suid? -- Ja.

En as hy nou ry tot by sy end, tot by die terminus waar hy stop, watter groot geboue is daar in die omgewing? -- Dit gaan verby tussen die kliniek en die winkels en dan gaan hy om om by die biersaal verby te gaan. As ek die ding (30)

reg/...

reg sien, die bus maak 'n draai daar bo by die biersaal na links en as 'n mens verder ry, dan kry 'n mens daar die kliniek en die winkels. Tussen die twee gaan die bus verby en dan by die kantore verby en voor die bus weer 'n draai maak, dan is daar iewers winkels en weer om die hoek dan kry 'n mens die saal.

Maar u kan nou almal daar sien. -- Die busstop is agter die winkels daar op die hoek.

Druk nou vir my die speld in die saal. Dit is nou die gemeenskapsaal waarvan ons praat, nê? -- Dit is veronder-(10) stel om hierdie een te wees waar ek my speld ingesit het. Dit is binne-in die rooi kring.

Op die lugfoto AAR5 is nou aangedui punt 5 wat bygevoeg word op die indeks. Daarby word geskryf biersaal en punt 6 wat aangedui word op die indeks waarby geskryf word gemeenskapsaal. U het nou gepraat van Checkers. Waar is Checkers? -- Dit is in die dorp by die "civic centre".

Dit is in die blankegebied? -- Ja.

Soos u na die kaart gekyk het, is dit die kliniek aan die linkerkant en die administratiewe kantore aan die (20) regterkant? Steek asseblief die speld in die administratiewe kantoor. -- Dit is die administratiewe kantoor.

Op die indeks word aangebring punt 7 en op die kaart en dit word aangedui as administratiewe kantore.

MNR. FICK : Soos u na die kaart gekyk het, kan u u eie huis aandui op die kaart of nie?

HOF : Druk nou maar daar 'n speld in as u kan. Die volgende word aangebring op die indeks, punt 8 op die kaart soos aangedui op die lugfoto is die huis van getuie Mcetywa.

MNR. FICK : Net voor ons heeltemal afstap van die vergadering(30 van/...

van 29 Augustus wil ek aan u stel daar het 'n persoon op hierdie vergadering opgestaan en gesê daar sal 'n "stay-away" 'n wegbly-aksie wees die Maandag, dan sal daar gegaan word na die kantore toe oor die huurkwessie? -- Nee, niemand nie.

Nou wil ek u vra in verband met die kinders wat nie skool toe gegaan het op 3 September nie. Het die kinders iets gesê, daar was kinders in die skool in Boipatong en daar was kinders in die skool in Sharpeville. Het die kinders van beide plekke se skole, Sharpeville en Boipatong se skole gesê die onderwysers sê 3 September gaan hulle nie skool (10) toe nie? -- Dit is so.

Het die kinders aan julle gerapporteer hoekom die onderwysers gesê het gaan daar nie skool toe gegaan word op 3 September nie? -- Hulle het nie gesê nie.

Maar het niemand in julle huis belang gestel om te hoor maar waarom gaan die kinders nie skool toe nie, dit is 'n skooldag? -- Daar was iemand wat gevra het.

HOF : Daar was wel iemand wat gevra het? -- Ja.

MNR. FICK : En toe, wat was die antwoord? -- Die antwoord was dat die onderwysers gesê het dat hulle, die onderwysers, (20) nie op skool sal wees nie.

Het die kinders nie gerapporteer of julle het nie vir die kinders gevra hoekom sê die onderwysers hulle is nie op 'n skooldag by die skool nie? -- Die onderwysers het nie gesê hoekom hulle nie op skool sal wees nie.

Het julle dit gevra vir die kinders of is dit 'n afleiding wat u maak? -- Die kinders sê dat hulle bang was om te vra van die onderwysers hoekom. Ons het dus aanvaar dat hierdie kinders is net so goed soos "puppets", want hulle word ook gesê dit gebeur. Hulle vra nie eers hoekom nie. Hulle (30)

aanvaar/...

aanvaar dit net so.

Wanneer het die kinders dit vir julle gesê dat die onderwysers die 3de nie gaan werk nie? -- Toe hulle die Maandag gevra word omdat hulle nie skool toe gegaan het nie, het hulle dit eers gesê.

Wat het u die aand van 2 September buite die huis gemaak? -- Ek het net by die hek gestaan.

Staan u elke aand by die hek? -- Nee.

Nou wat het u daar gemaak? -- Ek het daar gestaan en kyk na die mense wat in die straat geloop het tesame met (10) die soldate wat ook daar verby is.

Wanneer die dag van die - verstaan ek u reg dat voor 2 September al het die soldate daar - wat u die soldate noem, hulle en die polisie - in die woongebiede opgetree, gepatrolleer? -- Vanaf die datum van die 30ste het die polisie begin om die strate van Bophelong te patrolleer.

HOF : 30 Augustus? -- Ja.

MNR. FICK : Nou vra ek vir u weer, wat was h paar dae later op 2 September vir u so interessant dat u daar by die hek gaan staan en kyk? -- Daar was niks spesiaal wat interessant (20) was nie. Dit het gebeur dat ek daar gaan staan en kyk het omdat ek niks te doene gehad het in die huis nie.

Tot hoe laat het u daar buite gestaan? -- Ek sal nie kan sê tot hoe laat dit was nie.

Middernag? -- Nee.

Hoe lank het u daar gestaan as u dit nie kan sê nie? -- Ek het nie daarna opgelet om nou vir u te kan sê hoe lank ek daar gestaan het nie.

Was dit nie koud daardie nag nie? -- Nee, dit was nie koud nie.

(30)

Ek/...

Ek het dit dat dit aan die heer Schlebusch gestel was dat dit koud was die nag. U sê dit was nie koud nie? -- Dit was nie koud nie.

Was u 22h00 die aand nog buite? -- Nee.

Het u deur die nag nie 'n lawaai gehoor nie? -- Ek het.

Het jy skote gehoor deur die nag van 2 September? -- Ja, ek het, maar dit was voor sononder.

En na sononder was daar niks, was dit stil? -- Dit was stil gewees.

HOF : Hoe laat gaan die son onder in Bophelong? -- As (10)
ek praat van sononder bedoel ek na 20h00. Dit is 'n beskrywing van na sononder.

In die winter ook? -- Dit is dieselfde.

MNR. FICK : Het u enigsins gesien die aand daar terwyl u by die hek gestaan het of daar enige paaie versper is daar in die omgewing? -- Ek het dit nie gesien nie. Mag ek iets vra? Is dit regtig moontlik, sê nou byvoorbeeld dit was u wat in daardie huis gestaan het by die hek, as dit by u hek was, so ver van die ander strate af, dat 'n mens in daardie ander strate ook kan sien of daar versperrings is? (20)

Ek het vir u gevra in die omgewing? -- O, nee, in die omgewing het ek nie gesien nie.

Waaroor het die skote afgegaan? Was daar 'n lawaai, 'n rumoer gewees? Hoekom is die skote afgeskiet? -- Ek het die lawaai eers gehoor na ek die skote gehoor het.

Was u die aand van 2 September heeltyd daar by die hek gewees tot u gaan slaap het? U het nie weggegaan van die hek af nie? -- Ek het nie lank by die hek gestaan nie.

Maar ek bedoel u was nie verder van die huis af weg die dag, 2 September die aand, verder as die hek van die huis(30)

af/...

af weg nie? -- Ja.

Wat beteken dit nou? U was nie verder weg as die hek die aand van 2 September nie? -- Ek was nie verder nie.

U het van die werk af huis toe gekom en u was by die huis die heeldag? -- Ek het nie net gesit nie, ek het gewerk.

Vandat u van die werk af gekom het by die huis, was u by die huis gewees en u het nooit verder gegaan as die hek nie en toe het u gaan slaap op 'n stadium? -- Ek onthou nie dat ek uit die hek uit is nie.

Terwyl u daar by die hek gestaan het, voor u gaan (10) slaap het, het u enige mense ontmoet? -- Ek het nie mense ontmoet nie. Ek het mense gesien in die straat af met die straat verbygaan.

Was daar enigiets buitengewoon aan die mense wat u in die straat sien verbygaan het? -- Ja.

Wat was buitengewoon? -- Die manier van die mense se kleredrag.

Het u hierdie mense met die vreemde kleredrag êrens gaan rapporteer of vertel dat u hulle gesien het? -- Nee, ek het niemand gaan sê daarvan nie. (20)

U sien die snaakse mense wat onder andere nou daar sê dat hulle gaan skynbaar moeilikheid maak en u sê vir niemand daarvan nie? -- Behalwe miskien as ek weet dat hulle iets slegs gaan doen. Maar as hulle nie sê dat hulle spesifiek iets sleg gaan doen nie, is daar niks verkeerd daarmee nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Phalane? -- Ja.

Wie is dit? -- Dit is die persoon wat gedood is.

Wag, wag, wanneer is die persoon gedood? -- Volgens inligting was dit die Saterdag van die 2de.

Was Phalane 'n gewone inwoner van die gebied Bophelong (30)

of/...

of was hy 'n bekende persoon of het hy enige pos bekleed? --
Ek weet nou nie van die ander mense nie, maar hy was aan my bekend.

Wat het Phalane gedoen vir 'n lewe? -- Hy was 'n skoolier.
Dit is waarvan ek weet.

K1096 HOF : Die 2de, is dit nou 2 September van daardie jaar? --
Dit is so, ja.

MNR. FICK : U hoor nou hier sê die mense dat hulle het Phalane se seun gekry, maar die mense wat Phalane se seun gekry het sal gekry word weer deur hierdie mense wat so snaaks aange-(10) trek is? -- Ja, ek het dit gehoor.

En later verneem u die man is gedood, Phalane, die nag van 2 September, maar u sê vir niemand daarvan nie? -- Ek het in die loop van die dag op die 3de gehoor dat Phalane die vorige dag geskiet is.

HOF : Hoe oud was Phalane? -- Ek sal nie kan sê wat sy ouderdom was nie.

Wat was sy standerd op skool? -- St. 9.

Was hy van julle buurt? -- Nee.

Was hy van Bophelong? -- Ja. (20)

Van watter skool? -- State Skool.

Op Bophelong? -- Nee, dit is in Sebokeng.

MNR. FICK : Hoe het u vir Phalane geken? Vanwaar ken u hom? -- Van die skool.

HOF : Was u saam op skool? -- Ja, ons was saam by dieselfde skool.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe vergelyk julle ouderdomsgewys, uself en Phalane? -- Ek is ouer as hy.

HOF : Hoeveel jaar? -- Ek sal nie kan sê nie.

Ongeveer? -- Omtrent so drie jaar ouer as hy. (30)

U/...

U is nou 30? -- 31.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die Phalane, is dit h van of h voor-naam? -- Dit is h van.

MNR. FICK : Die nag van die 2de het u nie gesien daar is h klomp rookkolomme wat daar in die lug opgaan in Bophelong van plekke wat brand en motors wat in die straat brand of brandende bande en sulke goed nie? -- Ek het.

HOF : Wat het u gesien brand? -- Ek het nie gesien wat aan die brand was nie. Ek het net die rookkolom gesien.

MNR. FICK : U kon nie sien of dit h gebou was wat brand nie, (10) die administrasieraad se kantore nie? -- Ek kon nie sien nie, want ek was op die perseel.

HOF : Ken u h persoon met die naam van Tabo Ruben Twala? -- Ja, ek ken hom.

Is daar enige verband tussen hom en Phalane? -- Nee, dit is twee verskillende persone.

MNR. FICK : Vanwaar ken jy hierdie Tabo Ruben Twala?-- Daar van die woonbuurt.

Is hy ook h skolier of hoe ken u hom? As wat? -- Ek ken hom net soos h persoon daar. (20)

Behoort hy aan enige organisasie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Is daar enige organisasies in Bophelong? -- Ek weet nie.

Stel u glad nie in politiek belang nie? -- Nee, ek stel nie belang nie.

Daar is net een aspek wat ek nog met u wil opklaar. Na die vergadering van 29 Augustus, waar is die klomp mense heen wat in daardie saal was? Weet u? Na die vergadering, waar het die mense heen gegaan? -- Ek weet nie wat van daardie mense geword het nie. Die laaste wat ek van hulle kan sê (30)

is/...

is dat ons is daar uiteen.

Raadslid Mngcina se vrou het getuig dat daardie selfde aand was haar huis aangeval terwyl die raadslid by die vergadering was? U het dit nie dalk gesien nie? -- Nee, ek het niks gesien nie.

Het u daarvan gehoor later? -- Ja, ek het later gehoor.

Was die mense op die vergadering van 29 Augustus baie kwaad vir die raadslede? -- Hulle was kwaad gewees, maar hulle het nie getoon dat hulle skade kan doen of beserings veroorsaak nie. (10)

U suster Cynthia, sy was gearresteer in 1984. Is dit reg? -- Dit is so.

Hoe het die polisie gesê waarom arresteer hulle haar? -- Dit was nie gesê nie. Al wat gesê was was dit was artikel 29.

Weet u wanneer Cynthia gearresteer is in 1984? -- Ek weet dit was 'n Vrydag gewees, al kan ek nie die presiese datum onthou nie.

Was dit voor die moeilikheid van 3 September 1984 of daarna? -- Daarna. (20)

Hoe lank daarna? -- Omtrent twee weke daarna.

Sy is weer vrygelaat, is dit reg, die Cynthia? -- Ja, sy was.

Het Cynthia toe vir u gesê waarom was sy aangehou?

MR BIZOS : With the greatest respect, your lordship has enquired the reason for allowing hearsay from time to time, but firstly, what is the relevance of this and why is this cross-examination being conducted? She had the misfortune of having been taken in and detained and released without any charges brought against her, if I understood the (30)

witness's/...

witness's evidence correctly. Is this now going - what argument does my learned friend intend addressing to your lordship, irrespective of what this answer may be?

COURT : It depends on whether the answer shows knowledge of organisations or not. I do not know. I do not know where it is leading to. That is the difficulty a presiding officer has in these trials. You never know where evidence is leading that is led or where cross-examination is leading.

MR BIZOS : Except that I do hope that there is a reason other than some possible guilt by association because some (10) officer decided to detain her sister.

COURT : If that is so, you can rest assured that I will close my eyes to any such suggestion.

MR BIZOS : I am sure that would be so.

MNR. FICK : Het Cynthia vir u gesê na sy uitgekom het waarom sy aangehou was? -- Nee, sy het nie vir my gesê nie, behalwe dat sy vir my gesê het dat hulle in 'n kerkdien was wat in die nag gehou is (night vigil).

Was Cynthia nie ook op hierdie komitee van tien wat die raadslede moes gaan sien het nie? -- Nee, sy was nie. (20)

U het vir die hof gesê daar was veertien mense wat in hierdie huis van u bly. Of gebly het daardie tyd? -- Dit is reg.

Is hulle almal familieleden die veertien? -- Dit is so.

Het van hulle huur betaal? -- Nee.

Kyk, ons weet nou al u het in die huis gebly en u ma en pa het in die huis gebly. Die ander elf, wie is hulle? Is hulle kinders van jou ma en pa of is daar 'n ander verband? -- Dit is almal die kinders van die huis.

Is almal eie broers en susters, al twaalf? -- Nee, (30)

nie/...

nie almal nie. Van die kinders is ons kinders.

HOF : Ja, maar moenie dat ons so sukkel nie. Is dit almal direkte kinders van u ma en pa? -- Ja.

MNR. FICK : Daar is drie van julle wat bo 21 is? -- Dit is so.

Laat ek eers vir u so vra. Die ander kinders, was hulle almal nog op skool? -- Ja, hulle is almal op skool nou.

Nee, daardie tyd in 1984, was hulle almal op skool? -- Hulle het nog skool geloop, ja.

Hoekom is party in Boipatong en party in Sharpeville op skool? -- Dit was as gevolg van die getal kinders by (10) skole. Die skole was vol geregistreer.

Wie is die ander twee kinders bo 21 in die huis? -- Lennox.

En die ander een? -- Bongani.

Werk hulle twee of het hulle gewerk daardie tyd? -- Ek het alreeds gesê hulle het nog skool gegaan.

Nee, wag nou, u het vir die hof vertel daar is drie van julle wat hierdie loseerderspermitte moes betaal het omdat julle bo 21 was in 1984. -- Ja, dit is so.

Was hulle bo 21 gewees, maar hulle was nog in die skool?(20) -- Ja, hulle was nog op skool.

Net een laaste aspek. Die vergadering van 29 Augustus 1984 het jy - weet jy of daar enige voertuie beskadig was? -- Ek hoor daarvan vir die eerste keer vandag.

Ek dank u. Ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : You said to his lordship whether all the children in the home were your parents' children. You also said "van hulle is ons kinders". Have you any children, you yourself? -- Yes, I do.

Do any of your sisters have children? -- Yes, they do.(30)

COURT/...

COURT : The sisters that live in the house? -- That is so.

MR BIZOS : Is that how the fourteen came up? -- That is so.

Do you remember that you were asked whether there was chaos or confusion both and you said people rushed to the door.

COURT : Let us just get that. Say what meeting it was?

MR BIZOS : The meeting of 29 August? -- That is so.

Did the people rush for the door before or after the gas was thrown into the hall? -- That was after.

After the teargas was thrown? -- That is so, yes. (10)

Do you remember that you told my learned friend for the state that you called at the meeting of the 26th and also possibly the meeting of the 28th for the resignation of councillors? -- That is so.

And you were then asked this question and thereby destroy the council system? And your answer was yes? -- That is so.

Did anyone say that the council system would be destroyed? -- No, nobody ever said that.

What did you understand by the question and what did you mean by your answer? -- My understanding of the whole (20) thing was this in order to give that answer. Nobody was fighting at this meeting when this was discussed and nobody was of the opinion that that be done in a fighting way. Therefore my answer is that there was just going to be an end of it.

An end of the council system? -- That is so.

Did you think who would administer your township if that happened? -- No, I did not think about that.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Daar is 'n paar dinge wat ek net graag met u wil opneem. Die kinders van uself en u susters, (30)

hulle/...

hulle het pa's nie waar nie? -- Nee, hulle het nie.

Was dit kunsmatig? Ek praat van hulle natuurlike pa's?
-- Ja, hulle het natuurlike pa's.

Watter bydraes maak die pa's tot die bestaan van die kinders behalwe hulle verwekking? -- Hulle het geen bydrae nie. Volgens die Xhosa gewoonte as 'n meisiekind 'n kind kry voor sy getroud is, is daardie kind van die familie van die meisiekind.

U het vertel van die aand van die 29ste en die chaos wat geheers het toe die ligte afgaan en die mense by die deur(10) uitstorm, nê? -- Ja, ek het.

U het ook gesê dat die raadslede wat op die verhoog was is deur die polisie by die agterdeur uitgeneem? -- Ja, dit is so.

Hoe weet u dit? -- Onmiddellik toe die ligte afgaan het daar polisie by die agterdeur daar ingekom.

Maar hoe weet u dit? -- Voor die ligte afgegaan het, was die polisie maar daar gewees agter by daardie deur, want terwyl die ligte nog aan was, is daar 'n polisiebeampte wat af en toe op die verhoog gekom het en met Mngcina gepraat(20) het.

By daardie agterdeur in en uit? -- Hy het daar in 'n hoek gestaan by die deur agter die verhoog, waar hy altyd deur geloer het en met Mngcina daar gepraat het.

Voordat die ligte afgegaan het, het u nie gesien dat die polisie die raadslede by daardie deur uitneem nie? -- Ek kan sê ek het dit gesien.

Maar is die raadslede uit die saal uit voordat die ligte afgegaan het of daarna eers? -- Onmiddellik toe die ligte afgaan is hulle uit. (30)

Dit/...

Dit was op 'n stadium toe u self wat gemaak het? Wat het u gemaak onmiddellik toe die ligte afgegaan het? -- Ek het nog daar bly staan.

Tot wanneer? -- Tot die traangas in die saal ingeskiet is.

Kon u enigiets sien nadat die ligte afgegaan het? -- Ja, ek kon sien.

Want u het vantevore gesê u was blind? -- Voor die ligte afgeskakel was, kon 'n mens sien wat daar gebeur.

Ja, maar nadat die ligte afgeskakel was? -- Nee, na (10) die ligte afgeskakel is, kon jy nie sien nie.

So, u kon nie sien dat die raadslede uitgaan by die agterdeur nie? -- Ek kon sien, want kyk, as hulle nie daardie deur gebruik het om die saal te verlaat nie, dan was hulle veronderstel gewees om saam met ons by dieselfde deur uit te gaan.

Van daardie tyd af Septembermaand 1984 tot vandag, het u gesin, u familie huur betaal? -- Nee.

Of loseerderspermitgeld? -- Nee, ons het nie.

HOF : Wat is u rede daarvoor of u familie se rede? -- (20)

Dit was die besluite wat gemaak was by die vergadering.

Watter vergadering? -- By die 26ste se vergadering.

Ek was onder die indruk dat daar gesê is dat daar net die verhoogde huur nie betaal sou word nie? -- Ja, dit is voor ons 'n antwoord gekry het, was dit die besluit gewees.

Wil u u antwoord kwalifiseer? Ek het u gevra vir u rede? -- Die rede hoekom ons nie betaal het vanaf die jaar 1984 nie, wil u weet? Dit is omdat ons nie 'n antwoord gekry het waar ons nou vergader het by die saal nie.

GEEN VERDERE VRAE.

(30)

HOF VERDAAG TOT 29 JANUARIE 1988.